

24 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-2:3

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:22-2:3

Die Here gee aan jou kos om jou nuwe lewe mee te voed

'n Baba wat gebore word, is die begin van 'n nuwe lewe. So 'n pasgebore baba het kos nodig om aan die lewe te bly en om te groei en groot en sterk te word. As 'n baba nie elke dag kos kry nie, gaan hy begin uitteer en al swakker word totdat hy uiteindelik van honger sterf. Daarom skree hy vir sy kos, en hy hou eers op met skree wanneer hy gevoed is.

Die Here sê dat jy as gelowige ook 'n nuwe lewe ontvang het. Jy is weer gebore. Hy het in jou, wat dood was as gevolg van jou sonde, 'n nuwe lewe geplant. Die saad waarmee Hy hierdie nuwe lewe in jou geplant het, is onverganklike saad. Dit is sy lewende en ewige Woord.

Soos 'n pasgebore baba kos nodig het om aan die lewe te bly en te groei, so het jy wat 'n nuwe lewe ontvang het ook kos nodig. Daarom sê die Here: "Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry" (1 Pet 2:2).

Soos melk vir 'n baba lewensnoodsaaklik is, so is die Woord van die Here ook lewensnoodsaaklik vir jou wat 'n nuwe lewe ontvang het. Daarom moet jy ook soos 'n pasgebore baba wat smag na melk, smag na die suiwer geestelike melk. Anders gaan jy geestelik uitteer sodat jy later geen weerstand kan bied nie. Maak dus gebruik van elke geleentheid wat die Here jou gee om sy Woord te hoor en te lees.

Ds C Kruger (Nelspruit)